

**8 Desember**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-9**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 4:4**

**Wat 'n vreugde: Christus maak van slawe erfgename!**

Paulus vergelyk die Ou-Testamentiese gelowiges – en dus ook die Judaïste van sy tyd – met minderjarige kinders wat, volgens die gebruike van daardie tyd, eintlik niks meer as slawe was nie, al het 'n groot erfposisie aan hulle behoort. So 'n minderjarige kind staan onder die toesig van slawe en huisbestuurders totdat hy/sy mondig word.

Hulle was dus geestelik onmondig en onder die sorg van die Wet as hulle “huis-bestuurder” totdat Christus gekom het. Hulle was daardeur ook slawe van godsdienstige reëls en rituele om hulle geloof tot uitdrukking te bring. Hulle kon dus nog nie hulle vreugde oor hulle redding volkome uitleef nie, dit was nog iets waarna hulle uitgesien het.

God het egter alles kom verander. Hy stuur op die regte tyd Christus om ons posisie te kom verander. Christus kom as volkome God en volkome mens om vir ons die reëls van die “huisbestuurder”, die Wet, volkome na te kom, sodat ons daarvan bevry kan word. Met sy offer aan die kruis koop hy ons los van die “huisbestuurder” en maak Hy van ons mondig kinders en volwaardige erfgename van God. Meer nog, ons het reeds ons erfposisie in besit geneem: die ewige lewe wat God skenk aan hulle wat in Christus glo! Ons kan dus in volkome vreugde oor ons verlossing lewe!

Meer nog: Christus het ook aan ons die bewys van ons kindskap en die kwitansie van ons erfposisie gegee, naamlik die Heilige Gees. Die Heilige Gees lei ons nou om met vreugde soos kinders van God te leef. Nou nie meer slawe van die wet nie, maar kinders wat met vreugde en dankbaarheid wil leef soos die Vader van hulle verwag.

Hoe lyk my en jou lewe as kind en erfgenaam? Is ons soos slawe vreugdeloos, of geniet ons die verlossingsvreugde van ons kindskap en ons erfposisie wat ons reeds ontvang het?

*Sing Skrifberyming 1-4 :1-4*

*Ds P Venter (Potchefstroom-Oos)*